# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade: Ronde 2

Graad 6

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word.

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Elke familie het ’n unieke verhaal. Nou is dit jou kans om meer oor jou familie uit te vind en hulle storie met ons te deel.

**Wat jy moet doen:**

Voer 'n kort onderhoud met:

- ’n ouer;
- ’n grootouer; of
- ’n ouer familielid.

Vra hulle vrae oor julle familie se geskiedenis. Gebruik die inligting wat jy kry en skryf daarna **’n opstel van 400 tot 600 woorde**.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Waar kom julle familie vandaan?** Vertel waar jou familie of voorouers oorspronklik gewoon het.

- **Wie was jou voorouers?** Noem ’n paar mense in jou familie wat lank voor jou geleef het.
- **Watter familieverhale word vandag nog vertel?** Vertel van ’n interessante of spesiale gebeurtenis wat julle familie graag onthou.
- **Het jou familie ’n held?** Vertel van iemand in jou familie wat iets besonders bereik het of ’n belangrike bydrae gelewer het.
- **Jou eie mening:** Hoe ver terug kon jy jou familie se geskiedenis navors? Wat beteken jou familie se geskiedenis vir jou? Hoekom is dit belangrik om te bewaar en oor te vertel?

**Wenk vir ’n wenopstel:**

Gebruik verskeie historiese feite om jou opstel te verbeter. Sluit waar moontlik jaartalle, datums, plekke en name van mense in. Organiseer jou opstel sodat dit ’n duidelike begin, middel en einde het. Ons wil nie net feite lees nie, ons wil jou familie se verhaal leer ken!

<u>***Of***</u>

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Dink terug aan die geskiedenis wat julle hierdie jaar geleer het. Stel jou voor jy het ’n tydmasjien en kan terugreis na enige geskiedkundige tydperk. Jy kry die kans om **een belangrike gebeurtenis of besluit** te verander. **Wat sal jy verander, en hoekom?**

<u>**Wat jy moet doen:**</u>

Skryf ’n verhalende geskiedenisopstel van <u>400 tot 600 woorde.</u>

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Die geskiedkundige tydperk:** Beskryf kortliks die tydperk waarheen jy terugreis.
- **Die gebeurtenis:** Verduidelik watter gebeurtenis of besluit jy wil verander.
- **Jou redes:** Waarom het jy juis hierdie gebeurtenis gekies? Verduidelik jou eie mening en gebruik jou kennis van die geskiedenis.
- **Wat gebeur daarna?** Hoe dink jy sou die geskiedenis verander het? Watter invloed sou dit op die mense van daardie tyd gehad het?
- **Vandag:** Hoe dink jy sou Suid-Afrika of die wêreld vandag anders gewees het as hierdie verandering plaasgevind het?

**Wenk vir ’n wenopstel:** Gebruik verskeie historiese feite, soos belangrike datums, historiese persone en gebeurtenisse, om jou idees te ondersteun. Daar is nie ’n regte of verkeerde antwoord nie. Ons wil sien hoe jy jou kennis van die geskiedenis gebruik, krities dink en jou verbeelding gebruik.

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***EN***

## Fase 1: Video – Geskiedenis Leef

Geskiedenis is oral om ons. Monumente, standbeelde en historiese bakens help ons om meer oor die verlede te leer. Nou is dit jou kans om een van hierdie plekke te ondersoek en sy verhaal met ons te deel.

**Wat moet jy doen?**

1. Besoek ’n monument, standbeeld of historiese baken in jou omgewing.
2. Neem **ten minste twee foto’s** van die plek.
3. Maak **’n video van 2 tot 4 minute** waarin jy die geskiedenis van die monument, standbeeld of historiese baken verduidelik.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou video te gee:**

- **Naam en ligging:** Wat is die naam van die baken en waar is dit geleë?
- **Die geskiedenis:** Vertel die verhaal van die baken. Noem belangrike datums, jaartalle, mense en gebeurtenisse wat daarmee verband hou.
- **Waarom is dit opgerig?** Verduidelik waarom die monument of baken gebou is en wat dit herdenk.
- **Waarom is dit belangrik?** Waarom dink jy is hierdie plek vandag nog belangrik?
- **Bewaring:** Waarom moet ons hierdie deel van ons geskiedenis vir toekomstige geslagte bewaar?

**Wenk vir ’n spogvideo:**

Gebruik jou foto’s, kaarte of ander visuele hulpmiddels in jou video. Wees kreatief! Jy kan:

- aantrek soos iemand uit dié geskiedkundige tydperk;
- ’n kort toneel opvoer; of
- voorwerpe of rekwisiete gebruik om jou aanbieding interessanter te maak.

Moenie net feite voorlees nie. Vertel die geskiedenis met selfvertroue en gebruik jou eie woorde.

**Onthou**

Die beste inskrywings wys:

- deeglike navorsing;
- korrekte historiese feite;
- kreatiewe idees; en
- ’n interessante aanbieding.

**Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk *:* https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) **:**

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Wys jou passie vir die geskiedenis en verras ons met jou kreatiwiteit, navorsing en aanbieding! Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak

seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**